



## Gebedsvertroue van Dawid

### Teks vir die preek:

*“Maar ek – op u goedertierenheid vertrou ek...”.*

**Psalm 13**

A H Bogaards

© by skrywer - 2011  
[www.christelikebiblioteek.co.za](http://www.christelikebiblioteek.co.za)

### Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 105:1, 2
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 25:5, 6
5. Gebed
6. Skriflesing en teks: Psalm 13
7. Preek
8. Sing Psalm 105:5, 6
9. Gebed
10. Kollekte
11. Sing Psalm 146:8
12. Seën

Geliefde broeders en susters in Christus,

Ons as gelowiges ontvang van die HERE die mooiste en rykste beloftes. God se beloftes aan ons het ons ook bevestig gesien aan die Nagmaalstafel. In sy verbond beloof Hy aan ons om ons as Vader te versorg, om met ons te wees, om ons te verlos deur sy Seun en om in ons te werk deur sy Heilige Gees. Inderdaad 'n rykdom wat die HERE aan ons beloof!

En tog, en tog - dikwels voel kinders van God: ja, daar is wel baie aan ons beloof, maar ons sien niks daarvan nie. Soms voel dit asof die Here glad nie daar is nie, asof Hy ons heeltmal vergeet het. So voel 'n mens maklik, veral as 'n beproewing lank duur. So voel vele ook ten opsigte van die agteruitgang in die kerk: dit lyk asof die duiwel maar sy gang kan gaan en die kerk tot in sy fundamente kan afbreek ... en van die Here se belofte dat Hy sy kerk sal red en bewaar, sien ons op die oog af niks nie. Dit lyk maar asof die vervulling van God se beloftes agterweë bly, sodat ons dit dikwels uit wil roep: hoe lank? Hoe lank moet dit nog duur? Hoe lank moet alles nog so aangaan? Wanneer sal u dan ingryp, HERE? Of ... of het U ons miskien vergeet? Ja, onder sulke omstandighede het ons soveel moeite met die HERE se beloftes en om nie weg te sink in ongeloof nie.

In hierdie verband kan ons baie leer uit ons voorgelese Psalm.

### **Ons hoor in Psalm 13:**

1. 'n Klaaglied; dan
2. 'n gebed; tenslotte
3. 'n lofsang

Ons hoor in Psalm 13 eerstens

1. 'n Klaaglied

Dit strek van vers 2 tot 3.

Viermaal weerklink die bitter: hoe lank? Wanneer, sê Dawid daarmee, wanneer, HERE, sal daar 'n einde aan kom aan hierdie skynbaar nimmereindigende beproewing? Wanneer sal die U weer aan my dink en u beloftes aan my vervul? Wanneer 'n beproewing lank duur, dan word dit des te swaarder. Dit het u sekerlik ook al ervaar.

Psalm 13 is moontlik 'n lied uit die tyd van Dawid se vlug vir Saul. En ja, hoe lank het dit nie geduur nie! Dit het gelyk asof daar nooit 'n einde aan sou kom nie. Dit hoor ons ook in Dawid se altyddeur: Hoe lank, HERE, sal U my altyddeur vergeet?

Die vergeet moet ons sien in verband met die HERE se beloftes aan Dawid. Dawid het van die HERE die heerlikste beloftes ontvang het. By sy salwing as koning het hy van die HERE die versekering ontvang dat hy koning sou word. Maar van daardie belofte het Dawid op hierdie stadium heeltemal niks gesien nie. Op die oog af het dit ook gelyk asof die vervulling daarvan heeltemal buite die kwessie was, asof dit nooit sou kom nie.

Vir Dawid het dit gevoel asof die HERE nie aan hom dink nie. Daaroor kla hy: Hoe lank, HERE, sal U my altyddeur vergeet? Vergeet is die teenoorgestelde van dink aan. As daar in die Bybel staan dat die HERE aan sy volk dink, beteken dit: Die HERE dink aan sy beloftes en Hy laat dit in vervulling gaan (Hy het gedink aan sy genade, sy trou aan Israel nooit gekrenk ...). Maar Dawid voel: die HERE het vergeet van sy beloftes aan hom. Dit was vir hom asof die HERE sy aangesig vir Hom verberg het, dit wil sê: asof die HERE sy beloftes aan hom terughou.

Dit was dus Dawid se nood.

Maar wat het hy toe gedoen? Hy het op sy knieë gegaan. Daarop let ons in die tweede plek:

## 2. Die gebed van Dawid

Hoor hom pleit in vers 4 tot 5: "Aanskou tog, verhoor my, HERE, my God!".

Aanskou/sien tog! Dit is die teenoorgestelde daarvan dat die HERE sy aangesig vir ons verberg. Ons kan dit ook vertaal: Sien my in genade aan; wil U U beloftes aan my vervul. Van daardie sien van God hoor ons onder andere in Deuteronomium 26:15: "Kyk tog uit u heilige woning, uit die hemel, neer en seën u volk Israel en die land wat U ons gegee het, soos U aan ons vaders met 'n eed beloof het ...".

Dit is tog 'n besondere gebed. Al lyk dit asof die HERE hom vergeet het, tog bly Dawid die HERE vol vertroue noem my God. Al lyk dit asof die HERE nie meer aan hom dink nie, nogtans bly hy vertrou. Al lyk dit asof die HERE sy beloftes aan hom vergeet het, nogtans bly hy glo en bly hy bid om die vervulling daarvan. Hoor maar die gebedssekerheid van Dawid in vers 6: "Maar ek - ...my hart SAL juig oor u heil". Oor u verlossing SAL ek jubel. Dis geloof, vertroue deur die teenstrydige heen.

Wat maak Dawid dan so vol vertroue dat die HERE hom wel sal verhoor en

uiteindelik tog sy beloftes aan hom sal bewaarheid? Die grond vir sy gebedsvertroue kry u in vers 6a: "Maar ek (EK! Met nadruk) - op u goedertierenheid vertrou ek..." Daar het u dit: in daardie een woordjie "goedertierenheid". Daarop vertrou Dawid. Daarop steun hy. Die goedertierenheid van die HERE is die fondament van sy gebedsvertroue.

Wat is die goedertierenheid van die HERE? Die woordjie "goedertierenheid" kan ons nog beter vertaal met "lojaliteit", verbondslojaliteit. Die HERE is lojaal teenoor die met wie Hy 'n verbond gesluit het. Wil u sien hoe lojaal? Kyk dan na die kruis. So ver het God in in sy lojaliteit gegaan om ons te red.

Weet u waar hoor ons dit ook? In Johannes 1. Daardie wonderlik mooi hoofstuk oor die koms van Jesus Christus in ons vlees. Daar word goedertierenheid vertaal met die woord "genade": "...die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon - en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid" , vol van goedertierenheid, vol van verbondslojaliteit (v.14). Goedertierenheid het ook alles met genade te maak, God se genade in Christus. Daar het u dit: Christus is God se genade en waarheid. Sy koms in die vlees was 'n tentoonstelling van God se genade , sy verbondlojaliteit. Daar kan u sien hoe lojaal, hoe trou Hy is aan sy beloftes.

Die HERE vergeet nie sy beloftes aan ons nie. Dit is bevestig op Golgota. Daarna mag ons kyk wanneer ons miskien in ons daaglikse lewe dink: die HERE het my vergeet.

Op die kruis moet ons u sien as ons wonder u die HERE se liefde vir u. Want daar kan ons aanskou dat die HERE ons aanskou, na ons kyk, ons nie vergeet nie.

"...verhoor my HERE...op u goedertierenheid vertrou ek..."

En wanneer Dawid so gebed het, slaan hy oor van gebed tot:

### 3. Lofsang

Dit is die derde deel van hierdie Psalm.

Daar is 'n geweldige kontras in hierdie Psalm: dit begin met 'n klaaglied en dit eindig met 'n loflied. Aan die begin sing Dawid op die laagste moontlike noot; in die laaste verse jubel hy in hemelhoë tone. Iemand wys daarop dat ons in die klaagsalms en in die Psalmbundel in die geheel 'n beweging kry van klag na lof. Die laaste verse van hierdie Psalm (13) en Psalm 146-150 eindig in die hoogste jubeltone.

Hoe het dit in Psalm 13 gebeur? Hoe het dit gekom dat die klaer 'n juiger geword het? Wat het Dawid daartoe gebring om sy klaagsang vir 'n lofsang te verruil?

Ons sal die antwoord moet gaan soek in dit wat tussenin lê. Tussen die klaaglied aan

die begin en die lofsang aan die einde lê die gebed van vers 4 tot 6a. Dit het die wending gebring. Daardie verse is die skanier waarom hierdie hele Psalm draai. Die gebed is die geheim van die oorgang. Dit bring die verandering in Dawid se gemoedstoestand, ondanks die toestand waarin hy verkeer.

Dawid was nie die laaste by wie ons hierdie verandering danksy die gebed bemerk nie. Ook in die lewe van Paulus vind ons dit. In Handeling 16 vers 24 en 25 lê hy en sy metgesel, Silas, in die gevangenis van Filippi. Maar wat hoor ons dan? Klaag hulle? Nee, maar hulle bid en sing.

Treffend hoe dit daar staan: hulle het gebed en gesing. Voorop staan die gebed en dan as vrug van die gebed die sing.

Die twee gaan saam: wie bid sing. Die gebed maak die sanglus wakker. Sing u ook? En as u nie sing nie, waarom sing u nie? Is dit miskien omdat u nie bid nie of omdat u nie waarlik bid nie?

Paulus en Silas het gesing. Maar wat? Klaagliedere? Psalms waarin hulle hulle nood voor God beklag het? Nee, maar daar staan: hulle het lofliedere gesing, jubelsange om middernag, deur donkernag omgewe.

Ook deur donker nag omgewe,  
sing ek nog my pelgrimslid.  
Ja, ek lofsing in die nag,  
want ek bly die HEER verwag... (Psalm 42:5, berymd)

Dit is tog ongelooflik, nie waar nie? Terwyl Paulus en Silas met stukkend geslaande rûe in die tronk lê, sing hulle! Hoe kan dit? Wel daar sien ons die groot krag van die gebed! Deur die gebed lê ons ons diepste nood in God se hande en dan kan ons sing. Ja, dan juig ons. Die gebed is die geheim van Paulus-hulle se blydschap. Want deur die gebed weet hulle dat hulle lewens veilig is by God en dat die duiwel nie sal slaag om die kerk te kelder in sy evangelie-prediking en in sy voortgang en in sy voortbestaan nie. Die gebed het vir die apostel en sy metgesel rus gebring. Dit het vrede by hulle bewerk. Omdat, omdat ons deur die gebed ons toevertrou aan die goedertierenheid van God.

Hierdie geheim, die geheim van die gebed, het die apostel ook in sy brief aan Filippi aan die gemeente aldaar oorgedra. Wie van ons ken nie die treffende woorde van Filippense 4 vers 4 nie: "Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle". Ja, wie bly is, sing, sing lofliedere. Maar Paulus het ook geweet hoe omstandighede 'n

domper op ons vreugde kan plaas en ons lied van lofsegging tot stilswye kan bring. En daarom vestig die apostel ons aandag in die daaropvolgende verse op die gebed: "Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God" (v.6).

Nog 'n paar opmerkings oor Dawid se loflied in vers 6b: "Ek wil sing tot eer van die HERE, omdat Hy aan my goed gedoen het".

- Dit is 'n loflied tot eer van die HERE. Dit staan in Dawid se loflied in die middelpunt. Daarom draai dit trouens in ons hele lewe. Daarvoor leef ons: om die Here te eer, nie alleen in ons lied nie, maar ook in ons dade.
- Ek wys u ook tweedens op die rede waarom Dawid wil sing tot eer van die HERE: "omdat Hy aan my goed gedoen het". Die woord goed gedoen is 'n gelaaide woord. Lett: Oorvloedig handel. Die HERE gee nie karig nie, maar mildelik en oorvloedig, in volheid.

Keer op keer tref ons dit in die Psalms aan: dat die Psalmdigters die HERE dank of loof selfs nog voordat hulle iets ontvang het.

Dieselfde kry ons hier: van verlossing uit die hand van die vyand is daar nog geen sprake nie. Van God se beloftes sien Dawid nog niks nie. Dit is nog maar, omdat nou maar so te sê, beloftes op papier. Tog kan Dawid die HERE alreeds dank vir sy goedheid, asof God sy goedheid in die vervulling van sy beloftes, reeds aan hom bewys het. Dit is nou wat die skrywer van die Hebreër-brief sê: "Die geloof dan is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie" (Hb.11:1). Dit is 'n geloofs-lied wat ons hier in Psalm 13 hoor.

By die oorwinningslied van Psalm 20:7 skryf Luther: "Slegs die geloof wat hom op God verlaat, kan die triomflied vóór die oorwinning sing en 'n vreugdegeroep aanhef vóórdat die hulp opdaag. Omdat vir die geloof alles veroorloof is."

Wat sou Dawid gesing het? Sekerlik van God se goedertierenheid:

Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing,  
en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het,  
so rys die eewige guns wat U aan ons bewys het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie,  
so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

Slot

Hoe kom Dawid tot hierdie geloof? Deur die gebed. Op ons knieë kom ons tot geloof in God se Vaderlike goedheid. Op ons knieë word ons klagtes verander in danksegging en lofprijsing. 'n Gemeente op sy knieë sing lofliedere selfs in die nag. Die gebed is die geheim van die Christen se lofsang. Daarom: op u knieë, gemeente.

Amen.